MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

24 OCTOBER 2011

Beskerm verklikkers

"Ons is bekommerd oor die negatiewe persepsie wat verklikkers of fluitjieblasers teen korrupsie het, en dat hierdie mense skynbaar steeds te maklik aan weerwraak blootgestel word." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) in reaksie op berigte dat mense se onbereidwilligheid om korrupsie uit te lap, die probleem vererger.

"Korrupsie help nie net armoede en werkloosheid aan nie, dit kos lewens soos klagtes dat onpadwaardige voertuie teen 'n omkoopbedrag padwaardig verklaar word.

"Fluitjieblasers is helde en dié persepsie moet so spoedig moontlik deeglik in Jan Publiek se oë gevestig, en verskans word. Juis hierom is dit noodsaaklik dat fluitjieblasers se doppies nie geklink word deur die verweer van openbare belang by die uitlap van verdoeselde inligting uit te sluit nie.
"Soms wil dit voorkom asof daar nog geen aspek van die samelewing is waar die korrupsiekanker nog nie sy aaklige tentakels ingeslaan gekry het nie – van die toeken van rybewyse tot om werk te kry.

"Korrupsie is soos plaasaanvalle – die owerhede kan nie bekostig om in 'n enkele geval wat aan die lig kom te swyg nie, omdat die persepsie dadelik posvat dat dit aanvaarbaar of minstens nie 'n ernstige oortreding is nie. So word die kreeftegang met die bekamping geboer."

Protect whistle blowers

"We are concerned with the adverse perception that has been created around whistle blowers on corruption, and also because it seems as though whistle blowers often found holding the short end of the stick when bringing corruption to light," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"Corruption not only causes poverty and a loss of employment, but also costs lives as can now be seen in reports on corruption over the issuing of roadworthy certificates to un-roadworthy vehicles.

"Whistle-blowers should be considered heroes and this perception must catch on as soon as possible. For this reason, it is in the interest of the public that whistle blowers be protected.
"It seems as though there is no aspect of civil life where the tentacles of corruption has not reached. It has become a cancer eating away at the very fibre of our society. Whether it is being issued with a false driver's licenses or simply attempting to find employment.

"Corruption is like farm attacks – the authorities should not fail in condemning a single incident. Neglecting to do so could be interpreted as everything being in order, or not very serious. This makes any progress in combating this unacceptable Behaviour extremely difficult."